Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Januarie/Februarie 2008
Jaargang 100 Nommer 15

In hierdie uitgawe

- Voorblad — In ons hande
- Bl 1 — **Kerk en geloof in perspektief:** Om kerk van Christus te wees (Prof Bart Oberholzer)
- Bl 2 — **Van die redakteur, prof Piet Geyser:** Die geloofspad vir 2008
- Bl 3 — **Rade en komitees 2008**
  Raad vir Pastoraat en Presbiteraat sorg vir die versorgers (Dr Hennie van Deventer)
- Ble 4-5 — **Op die kerkwerf**
  Vastrap 2007 (Ds Petri van Rooyen en ds Marthinus van Staden)
- Bl 6 — **Wat kerknuus aanbetref**
  Tswana Bybel 150 jaar oud (Ds Wilhelm Steyn)
  Protestantse ekumeniese liggame verenig (Ds Etienne Fourie)
- Bl 7 — **Gespreksforum**
  Draers van die Goeie Nuus (Prof Piet Geyser)
  Lesersbrief (Prof Piet Strauss)
- Agterblad — **Oordenking**
  Een uit God, een soos ek (Ds Marlize Gröss)

Om kerk van Christus te wees

Prof Bart Oberholzer, emeritus, vra: Wat lê voor in hierdie jaar en die jare daarna?

As ons oor die toekoms wil dink, moet ons probeer verstaan wat God wil hê ons moet doen, en hoe Hy wil hê ons moet wees en doen. Dit beteken dat die kerk se groot vraag altyd is: Hoe bly ons getrou aan ons roeping in elke nuwe jaar en onder elke omstandigheid? Los nou maar die toekoms van die kerk in die hande van die Heer van die kerk en doen jy wat jy moet doen, elke jaar, elke dag. Daar is geen onduidelikheid oor wat ons moet doen nie. Ons moet gehoorsaam wees aan die opdrag van ons Heer, ons moet ons roeping gehoorsaam. Verkondiging van die evangelie, getuienis oor Jesus Christus wat vir ons gesterf en opgestaan het, barmhartigheid teenoor alle mense, liefde vir elke naaste, daaroor gaan dit.

Die allergrootste gevaar is dat ons ’n kerk agter geslote deure sal wil word, ’n kerk wat net wil bestaan en nie wil werk nie. So ’n kerk is nie meer kerk van Christus nie. En omdat ons kerk van Christus wil wees, daarom moet ons doen wat ons moet doen, en bid dat die Here ons sal bestuur en lei.

Hierdie is die eerste uitgawe onder redakteurskap van prof Piet Geyser. In sy artikel *Draers van die Goeie Nuus* skryf hy onder meer soos volg:

Kerklike nuus is in die eerste plek die Goeie Nuus van die evangelie. ’n Kerklike koerant sal iets daarvan moet belig. Die inhoud moet altyd getoets kan word aan die geloof wat ons bely en die hoop wat in ons leef.

Die vraag sal wees hoe hierdie Goeie Nuus sigbaar vorm aanneem in ons Kerk. Wat is die kwaliteit van ons kerklike besluitneming op alle vlakke en hoe kom dit sigbaar tot uitdrukking in hoe ons getuig en leef? *Die Hervormer* moet aan lidmate van die Kerk en aan die wêreld iets daarvan bekend maak. Wie is ons en hoe gee ons konkreet vorm aan die evangelie in die manier waarop ons dink, praat en optree?

Dit impliseer dat *Die Hervormer* 'n rol het om te speel in die groter kommunikasiegebeure tussen God en ons. Hoe wil ons as geloofsantwoord God se kommunikasie met ons belig vir ons lidmate en aan almal wat daar ver is?

Die Kerk toon onrusbarende tekens van lidmaatverlies en erosie as instelling wat invloed moes uitoefen op die waardestelsels van lidmate en die gemeenskap. Hoe gaan ons hierdie wesenlike toets vir ons kerkwees as uitdaging tegemoet en wat gaan ons daaraan doen? *Die Hervormer* sal iets van hierdie pad wat die Kerk moet stap, wil uitbeeld.